

Realiseer “hieronder” die dinge “daarbo”

Kolossense 3:1-4, met as inleidende woord “*aangesien*” (3:1), is ’n oorgang na Kolossense 3:5 – 4:1 met “*daarom*” (3:5) as inleidende woord. In hierdie oorgang word beklemtoon dat die “*dinge daarbo*” ons lewens as gelowiges “*hieronder*” ten nouste raak.

Die “*dinge daarbo*” staan in verband met die volgende: ons lewe is veilig saam met Christus by God waar Hy ná sy Middelaarswerk op aarde aan regterhand van God sit. Die gelowige se lewe staan hiermee onder die heerskappy van Christus as Koning oor sy lewe. Die ware geloof in Jesus laat die mens nie onveranderd met betrekking tot die lewe op aarde nie. Inteendeel. Die gerigtheid op die “*dinge daarbo*” gee ’n nuwe gerigtheid aan die lewe “*hieronder*”, naamlik: om die lewe van die nuwe mens te leef wat op Christus gerig is (3:10). Die bedoeling in die oorgang van “*aangesien*” na “*daarom*” is nie dat ons die dinge “*hieronder*” moet vergeet om die “*dinge daarbo*” te kan bedink nie, maar om “*hieronder*” die “*dinge daarbo*” te realiseer.

Om iets te *realiseer*, beteken om *konkrete gestalte* aan iets te gee. In ons aardse lewe moet ons konkrete gestalte gee aan ’n lewe wat in alle fasette en op alle gebiede onder die heerskappy van Christus staan. Hierdie realisering is van toepassing op die hele daaglikse lewe in die aflê (doodmaak) van die ondeugde wat in verse 5-9 gelys word; op die leef van die nuwe lewe wat die beeld van Christus vertoon (vs 10-17), en op menslike verhoudinge in die huislike en sosiale lewe om onder gehoorsaamheid aan die Here in ’n nuwe lewe gestel te word (3:18 – 4:1). Onder die “*aangesien*”, en die daaropvolgende “*daarom*” van Kolossense 3, word ons opgeroep om met meer as die sigbare werklikheid waarin ons “*hieronder*” leef, rekening te hou. ’n Gelowige leef nie aards, oppervlakkig en vleeslik nie. Ons is nie produkte van ons omgewing waar ons leef soos almal leef nie. Die Here rig deur sy Woord en Gees ons lewe daarop om “*hieronder*” op konkrete wyse te wees wat ons op grond van die “*dinge daarbo*” deur God se genade in Christus reeds is.

Sing: Psalm 84:6 (1936)

Ds EJ Tiemensma (Kemptonpark)